
TEMMERS VAN
DIE WOESTYN
No. 39
Die Wurgbende
braam le roux

Daar is geen antwoord nie. Daan skrik. Kan dit wees dat die pas hom hier aan sy lot oorgelaat het? Vir die eerste keer in sy donker loopbaan pak vrees die man beet. Hy is blind en hulpeloos. Is hy nou gedoem om hier in die Kom rond te dwaal totdat die een of ander vyand kom en hom die genadeslag toedien? Om te dink dat die man wie se naam hy aangeneem het, die oorsaak van sy vernietiging is! Swart Daan sukkel op sy voete, strompel totdat hy die grotmuur voel, en bly hygend na sy asem, daarteen leun, sy ore gespits op enige geluide

Maar die skielike stilte, na 'n nag van woeste lawaai, skietery en dood tas sy senuwees aan en hy strompel tot in die bek van die grot waar hy sy groot kop skuins teen die lug draai om geluide te probeer opvang.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD

Hoofstuk — Bladsy

1. Ras—Die Moordenaar .............................. 3
2. Een Minder ........................................16
3. Die Vlieënde Dood ................................27
4. Die Swart Engel ..................................36
5. Die Vermiste Mes .................................51
6. 'n Bekruipspel ....................................60
7. Wurgende Hande ..................................71
8. Verwoesting ......................................83

## Hoofstuk 1

## RAS — DIE MOORDENAAR

Kobie Ras en Hannah Fouché kyk die slapende Herero-gesinnetjie onder die skamele skaduwee van die knoetsige, vaal ou doringboom glimlaggend aan, sonder om 'n woord te sê. Die oujong en sy vrou en vier kleingoed lê op die naat van hul rugge, monde wawyd oop en die een snork harder as die ander. 'n Swerm vlieë kuier ongeërg oor hul gerimpelde gesigte om, as hulle te na aan die oop monde kom, deur die snorkasems weggeblaas te word.

Kobie beduie eers na die ou geweer langs die jong en toe na die gemsbokvel wat nog nat eenkant lê en die hoop kaalgestroopte bene langs die as van 'n vuur. "Feitlik dood geëet," fluister hy vir Hannah.

"Ag dit moet salig wees om met sulke styfgespande mae in so 'n slaap te val," merk sy op. "Kom ons ry maar, jong. Dis nog 'n hele klompie myle na die waens toe en die son bak gruwelik."

"Nee, jong sowaar ek gaan hulle darem skrikmaak." Hy trek sy rewolwer uit die leersakkie aan sy heup, mik langs die oujong se voete en trek die sneller.

Donker en Fleur verroer nie 'n oor vir die skielike slag nie, maar die uitwerking op die slapendes is genoeg om Kobie en Hannah te laat skaterlag.

Die oujong ruk behoorlik orent asof iemand hom aan die korrelkop beetgekry het, wil na sy ou geweer gryp, maar toe hy die blink rewolwer in die witman se hand sien, wat hier feitlik op hom op die blink swart hings sit, stoot hy net 'n kreun uit en sak weer slap aarde toe. Die vrou was halfpad orent toe die vier kleingoed haar letterlik onderstebo spring van angs en haar so vasklou dat sy nie kan roer nie.

"Spaar ons, seur Ras, spaar ons tog. Ons doen niemand kwaad aan nie.," kerm die oujong.

Verstom vra Kobie: "En hoe ken jy my naam?"

"Wie ken dan nie die naam van die kwaai seur Ras, Kobie Ras nie?" kom die weervraag. "Maar ek sweer, seur, ons doen niemand ..."

"Ja, ja ek glo jou," keer Kobie hom, "maar jy maak seker 'n groot fout, my oujong. Ek en hierdie nonna ken hierdie wêreld glad nie. Ons kom nou vir die eerste keer hier saam met 'n geselskap jagters wat in die Okavango se wêreld gaan jag het. Ons waens staan by die Gamsberg hier onder. Ons is weer op pad Kolonie toe waar hulle en ons ook bly, doer langs die Grootrivier. En nou sê jy ....."

"Dan maak ou Kamma 'n fout," keer die jong verlig. "Maar dis toe ek hierdie swart hings sien, dat ek dink maar dis die Ras-baas - ek bedoel nou die ander Ras-baas. Hy ry ook so 'n swart hings en ..."

"Hoe lyk hy?" vra Hannah net so verstom as Kobie.

"Nonna wie sien hom en sy maats ooit? En as hulle hom sien, bly hulle lê vir die aasvoëls so sê van my mense wat hom glo al gesien het. Maar ...e ... maar ek moet sê seur, jy lyk nie vir my so woes soos hulle sê dat daardie ander man is nie." "Kamma, iewers lyk dit my is 'n groot skroef los. Is hulle 'n bende kwaaddoeners of wat?"

"'n Bende moordenaars, seur, dis wat hulle is." Kamma begin nou op sy gemak raak en ontdooi effens. "Hulle lê die jagters en handelaars se waens wat vol ammunisie en negosiegoed van Walvisbaai aftrek, hier in die wyk van die Kuiseb-rivierklowe voor, verwurg hulle, vat alles en verdwyn soos mis wanneer die son opkom."

"Hoekom skiet hulle nie die mense dood nie? Hoekom juis verwurg?" wil Kobie weet.

"Dit weet ou Kamma nie, Grootseur, maar so is dit. Almal sê hulle gaan die Ras-man vermoor, maar almal is bang vir hom en sy bende en verder as praatjies kom dit nie, lyken dit vir ou Kamma.."

"Het Seur miskien familie wat hier bly?" Die Herorovrou stel vir die eerste keer 'n vraag, nadat sy die kleingoed met elmboogstampe van haar af weggewerk het.

"Nee, beslis niem" sê Kobie met 'n diep frons.

"Kobie, kan dit dalk 'n man wees wat onder jou naam moor en plunder?" Hannah skrik half vir haar eie idee. "Jy is bra bekend in Betsjoeanaland en in die hele Noordweste, jong. Iemand kon .."

"Dan moet dit beslis 'n man wees wat my ken of ontmoet het. Die swart hings kan natuurlik blote toeval ook wees, maar die van Ras, aikôna!"

"Kamma," spreek hy die jong aan, "is jy baie seker die man se naam is ook Ras en nie dalk Kas of Bras iets van dié aard nie?"

"En jy sê sy naam is Kobie?" las Hannah by.

"Dis Kobie Ras net so seker as wat my naam Kamma is," kom dit met klem van die oujong. "Jy weet nie wat sy perd se naam miskien is nie?" pols Kobie.

"Dié naam?" Kamma se gesig trek 'n paar ekstra plooie soos hy sy brein aan roer sit. Terwyl Kamma nog probeer dink, sê die vrou skielik: "Waar's jou gedagtes Kamma? Die seur se perd se naam is





Donker."

"En my se naam is ook Donker." sê Kobie sag, skaars hoorbaar asof hy net hardop gedink het. "Kamma," sê hy skielik, "ek gaan beslis uitvind wie hierdie man is, maat ek wil hê jy en jou vrou en selfs die kleingoed moet vir geen lewende siel vertel dat julle my ontmoet het nie. Verstaan jy my mooi?"

"Maar natuurlik verstaan Kamma. Jy hoor wat die grootseur sê né, Siela? Jou kieste moet potdig bly, meid! En julle dikpense, julle het niks gesien en gehoor nie," maan hy sy telge.

"Waar bly jy as jy nie jag nie, Kamma?" wil Kobie weet toe hy Donker se toom vasvat.

"Maar sommer hier naby, Seur. Ek het in 'n klofie 'n fonteintjie raakgeloop en bly sommer lekker daar uit almal se pad uit," voeg hy by. "Daar's baie wild wat kom water drink en kos is volop. Hierdie bok," en hy wys na die spul bene, "het ek gewond en toe maar agtervolg en die doodskoot gegee."

"Nou kyk, bly daar. Ek kan dalk jou hulp nodig kry. Jy ken die wêreld seker goed hier na die weste in die Kuiseb se rigting, of hoe?"

"Ja, Seur, ek ken hom en as ek die Seur kan help, sê net die woord, my Grootseur."

"Ek sien julle weer," en hy trek Donker op 'n galop, met Fleur langs hom.

Sowat 'n halfmyl verder trek hy Donker op 'n stappie langs Fleur.

"Hannah, besef jy hoe daardie ander kamtige Ras besig is om my naam en reputasie deur die modder te smeer?"

"Kyk," spot sy, "my verstand is nie so toe onder bokvet as ou Kamma s'n nie," en toe ernstig. "Ons moet maar vir die jagters sê om solank aan te stoot suidwaarts en eers gaan kennis maak met Ras nommer twee."

"Juis," stem hy in. "Waarna kyk jy nou?" vra hy toe sy haar verkyker voor haar oë druk en stip in een rigting bly staar, terwyl sy Fleur inruk om te staan.

"Daar," en sy wys reg wes, "net langs daardie klipkop kom 'n man te perd aan. Hy ... gits die ruiter is gewond ... kyk hoe klou hy aan sy skouer vas. Hy sit heeltemal vooroor in die saal en die perd stap blykbaar sy eie koers. Kom jong, laat ons die man gaan help, as ons kan."

Sy los haar verkyker om haar nek en gee Fleur die spore met Donker soos "n swart streep langs haar.

Die paar myl na die gewonde ruiter lê die twee jaers in 'n japtrap af. Toe die man die geklap van perdehoewe hoor kyk hy op. Dadelik pluk hy sy jagmes uit en laat sy perd staan.

"Ras, jou vuilgoed kom haal my hier van die perd af as jy 'n man is!" skree die gewonde man bleek in die gesig. "Waar het jy daardie meisiemens gesteel? Sy is seker ..". Hy los skielik sy sin en terwyl hy sy hand op sy bors druk waar die bloed sy hemp nat gevlek het, stamel hy: "Maar .. maar jy's nie Kobie Ras nie. Julle ... julle lyk op 'n afstand nogal na mekaar, selfde bou, sou ... ek sê en ... dan die swart hings."

"Jy kan later praat," keer Hannah en druk Fleur teenaan die vosperd. "Laat ek eers jou wond verpleeg ..."

Hy hoes, spoeg bloed en sê tandeknersend: "Dis hopeloos. Skoot ... deur longe.... Ras en sy bende ... vermon as jagters ... maats gemaak met ... my en my drie maats ... ons skielik gepak . rieme om nekke .. ek uitgekom .. maar geskiet van agter .."

"Wat is jou naam vriend?" Kobie se blou oë is amper toe van woede toe hy die man se lyding sien en dink aan die geheimsinnige Kobie Ras die Tweede.

"Koos Weyland. Ons ..." maar nog voordat Kobie hom kon vang, vou hy inmekaar en val uit die saal uit op die grond.

"Dood," sê Kobie wat afspring en hom ondersoek. "Kom ons neem hom na die kamp toe sodat hy begrawe kan word, Hannah."

"Wanneer sny ons spoor agter hierdie bende wurgers aan?" wil Hannah weet toe Kobie Koos Weyland dwars oor die saal op Donker se rug sit en in die saal spring.

"Ons ry vanaand na sononder," kom dit strak. "Hoe gouer ons die moordenaars kan bykom, hoe beter vir my gemoedsrus."

"Gaan ons ou Kamma saamneem?"

"Nee, vir eers nie. As ons natuurlik nêrens op hul spoor kan kom nie, kan ons die ou kom haal, maar so 'n berugte bende, soos hierdie klomp skyn te wees, kan nooit al hul spore doodveeg nie, selfs nie in hierdie woestenyn nie. Ek het sy hulp maar as verskoning gebruik om hom weg te hou van die res van sy volk af. As die Hottentotte eers weet wat Kamma weet, sal hulle nooit stilbly nie, en nuus trek gou en ver in hierdie wêreld, soos jy weet. Verkeerde ore kan te hore kom dat die werklike Kobie Ras aan spoorsny is en dan kan my kamtige naamgenoot besluit om vir eers skuiling te soek totdat die wêreld vir hom weer veilig lyk. Ons grootste wapen tot dusver is dat die element





van verrassing aan ons kant is en so moet ons dit probeer hou. Kom Donker," en hy pluk die perd op 'n stywe galop, 'n voorbeeld wat Hannah dadelik volg.

★

Toe die tweede en laaste wa van Gys Roux oorkant die sandsloot uit is en die trekosse moeisaam die skynbaar nimmereindigende sandpad vat, bly Gys Roux, 'n man van diep in die vyftig, 'n oomblik op die sandwal staan, 'n weemoedige trek in sy grys oë, sy gedagtes by 'n klein hopie grond in Wavisbaai wat hy en sy gesin nou vir goed verlaat het.

"Ja, jou sal ek seker in my leeftyd nie weer deurtrek nie," spreek hy die droë sloot aan wat die boloop van die Kuiseb-rivier uitmaak. "Met Tilda dood, het die wêreld vir my te klein geword, heeltemal te klein ..."

"Kom, Vader, die waens trek al ver." Hy skrik uit sy mymeringe op toe sy seun en naamgenoot, Gys, so skielik hier agter hom praat.

"Ja, ja ons moet aanstoot," sê hy sonder juis te dink wat hy sê.

Vader en seun begin agter die waens aan te stryk. 'n Ruk lank praat nie een van die twee nie, toe sê oubaas Gys:

"Ek mis jou ma baie, Gysbert. Ek sou glad nie omgegee het om ook maar by haar te gelê het nie. Om op my ouderdom 'n wildvreemde oord in te trek ..."

"Kom Vader, dit sal spoedig beter gaan. As ons eers daar in die jagwêreld by die Ngamimeer staan en vader sien al die troppe en troppe wild en ..."

"My jaglus is weg, ou seun," sê hy stroef. "Ek leef nou maar eintlik vir julle ontwil, joue en Karel en Oswald s'n. Ek sal eers gerus wees die dag wanneer julle elkeen jul eie veeplaas het en vaste staanplek. Oor die liewe suster van jou bekommer ek my nie. Sy is dapper, fluks en daarby aantreklik en Niek Scheepers is 'n man uit een stuk. Dat hy sy plasie gelos het om saam met ons, of eintlik saam met Tillie die onbekende in te trek, bewys dat sy gevoel vir haar eg en diep is en waar die liefde woon, my seun ..."

"Kyk daar, Vader," roep Gysbert skielik uit en wys na regs waar 'n sewetal perderuiters tussen die klipkoppe uitgery kom op 'n gemalike galoppie.

'Maggies, maar dis vir jou 'n mooi perd, daardie swart hings,"

merk oubaas Gys op, hand oor die oë om beter te kan sien teen die kwaai agtermiddagson in.

"Dit lyk vir my na 'n jaggeselskap," merk die seun op toe die ruiters nader kom en hulle twee met die pad aanstap. "Die diere lyk uitgerus. Miskien is hulle kamp hier iewers Vader."

"Moontlik, ja. Dit sal gaaf wees as hulle dalk saam trek in ons rigting. Dan is ons sterk genoeg om die sterkste bende struikrowers 'n les te leer as dit nodig is."

"Maggies, maar hulle lyk half woes met hulle lang volbaarde," merk Gysbert vinnig op net voordat die groepie mans langs hulle stilhou en rats van hul perde afspring.

Die ruiter op die swart hings met sy koolswart welige volbaard steek 'n groot hand na oubaas Gys uit en sê in 'n diep dreunstem wat klink asof dit onder uit sy lywige maar staalharde gestel kom: "Neef, ek is Ras, jagter van beroep soos ook my ses vriende. Kom kêrels laat ek julle voorstel."

"My van is Roux, neef Ras en dis my seun Gysbert." Oom Gys Roux, self 'n geharde man, verbeel hom hy hoor die beentjies in sy hand kraak toe Ras se geweldige vingers om syne sluit.

"Neef Roux," en Ras wys van die een jagter na die ander, "dis nou so op die ry af: "Abel Venter, sy twee broers Basie en Chris, Sagrys Maller, Ockert Ockerse en Eben Kuylman."

Terwyl oor en weer gegroet word, sê Ras: "Ons waens staan nie baie myle hiervandaan nie. Ons wou net omdraai toe Eben die wanes deur die drif sien uitkruiwa en ons besluit toe sommer om te kom kennis maak."

"Ons sal nie lank vertoef nie," merk Eben Kuylman op, "want ons wil nog voor sononder bietjie wild gaan skiet. Die wêreld is vervuil van die wild."

"Nee, maar kom drink eers 'n koppie koffie by die waens. Ons gaan nou-nou uitspan in elk geval. Daar lê 'n lang skof agter die rug," merk oom Gys vriendelik op hoewel hy nie veel hou van die voorkoms van die mans nie. Iets, hy weet self nie wat nie, maak hom wantrouig in die mense hoewel hulle hom nie in die minste deur woord of daad of selfs deur gedrag rede vir so 'n gevoel gegee het nie.

"Nou ja, maar dit kan ons darem nooit weer weier nie," sê Ras gul en hy en die res begin saamstap met die Roux-paar, die tome van hul perde deur hul arms gehaak.

"Neef Roux, en waar gaan die reis heen?" vra Ras.





"Ngamimeer se kant toe, Neef. Ons gaan jag en daarna sal die seuns miskien besluit om rond te kyk vir plase as die wêreld hulle geval. Watter rigting trek die neefs?" vra die oubaas.

"Wel, as dit nie 'n stuk toeval van die eerste water is nie," roep Ras uit. "Ons koppe staan ook soontoe. Kyk, hoekom sal ons nie saam trek nie, Neef? Daar is dieper die land in glo heelwat bendes Hottentotte en 'n mens kan nooit te sterk wees as dit by veg kom nie."

"Dis 'n voorstel wat ons gerus kan bespreek," merk oom Gys teenoor sy seun op, en toe aan Ras: "Neef, ek stel voor dat as ons koffie gedrink het, ons bietjie gesels oor die saak."

"Met plesier," sê Ras terwyl verskeie van sy vriende hul instemming met Ras se idee betuig.

Om 'n draai in die pad staan die waens onder 'n lap doringbome en terwyl Karel en Oswald Roux uitspan, is hul suster Tillie en jong Niek Scheepers besig om veldstoeltjies, beskuit en dergelyke van een van die waens af te haal. Hul perde staan gekniehalter onder die bome.

Niek was net besig om vir Tillie te vertel van die Swartgeselskap wat ses maaande tevore spoorloos verdwyn het iewers tussen Walvisbaai en Windhoek toe hulle stemme hoor, opkyk en die vreemde mans aangestap sien kom saam met Tillie se pa en broer.

"Niek, ons kry geselskap," merk Tillie op druk haastig haar blonde krulhare effens met die hand reg. "Is my gesig nie vol as nie?" wil sy weet.

Niek lag. "Tillie, julle vroumense is my einde. Gesien daardie klomp se woeste, bebaarde gesigte sou ek nie juis dink hulle sal iets soos 'n strepie as op jou gesig raaksien nie."

"Mamma het altyd gesê, Niek, netheid kos niks, selfs nie in die veld nie.

'n Ligte fronsie verskyn tussen Tillie se diepbruin oë toe sy die mans van nader bekyk. Dis waar, dink sy stilweg, as hulle nie blankes was nie, sou sy nou na haar geweer gegryp het. Die manier waarop die man wat die swart perd lei haar met onverbloemde wellus van kop tot tone bekyk, laat haar oë selfbewus neerslaan. Sy voel haar ore brand van skaamte vir die man se deurborende blik. Dis asof sy gitswart ogies onder daardie swart half regopstaande wenkbroue dwarsdeur haar kyk.

Karel en Oswald staan nou ook nader en oom Gys stel die vreemdelinge een vir een aan hulle voor met Ras se hulp.

"Die neefs soek koffie," sê oom Gys en loer vuur se kant toe.

"Hulle trek dalk saam met ons," merk Gysbert vinnig teenoor Tillie en die res op.

"Hoe meer siele hoe meer vreugde," sê Oswald.

Tillie hou haar doenig met die koffiewater, maar sy voel skielik 'n vae onrus in haar opkom. Sy loer ongemerk na die mans toe maar kyk vinnig weg toe sy Ras se blik weer vol op haar sien.

Ras en sy groepie sit hul geweers teen die een wa se disselboom neer en al gou gesels hulle lekker oor en weer met die trekkers.

Toe elkeen met 'n bekertjie koffie sit, sê oom Gys: "Wel neef Ras ek dink ons kan nou ons trekplanne aanroer. Julle het gesê julle wil nog gaan jag voor sononder."

Ras lag en sê: "Neef Roux, ek glo nie daar's veel te bespreek nie, of hoe? Ons trek saam, verleen mekaar beskerming en as ons ons eindbestemming bereik, gaan elkeen maar weer sy eie koers. Wat die jag self betref, hou ons ons maar by die ou erkende reëls van die veld."

"Kan julle môre-oggend gereed wees om saam te trek?" vra oom Gys.

"Maklik. Om die waarheid te sê, ek dink ons moet vanaand maar nader trek na neef Roux-hulle toe sodat ons môreoggend teen dagbreek kan laat vat." Ras staan op. "Nou ja," en Tillie kry weer 'n onderlangse blik, "intussen, van die beste. Ek sê," en Ras kyk skielik na die seuns en Niek, "het julle nie lus om 'n ent saam te ry nie? Ek het veral my oog op 'n tiermannetjie wat ek met die komslag gewaar het, en waar een is, kan jy seker wees sal meer wees. Hoe lyk dit kêrels? Julle kan mos lank voor donker terug wees."

"Dis 'n gawe plan," sê Gysbert en sy twee broers en Niek is dadelik op die been om hul perde en geweers te kry.

"Ek en Tillie sal maar by die waens bly," sê oom Gys. "Alle voorspoed."

"Niek, wees versigtig," maan Tillie skielik sag hier eenkant langs Niek se perd. "Ek weet nie, maar daardie klomp lyk vir my bra ru."

"Toe maar, Skat, ek sal my oë oophou, hoewel ek dink jou senuwees is bietjie geskaaf. Weerom," en hy trek saam met die res weg.

"Vader," sê sy toe die jagter 'n ent weg is, "ek vertrou daardie Rasvent nie. Ek weet nie .."

"Nee wat, Tillie, my kind, dis net jou verbeelding. Watter kwaad kan hulle ons doen en om watter rede in elk geval? As hulle wou, kon hulle ons mos klaar verras en geskiet het. Gee vir my nog 'n bietjie





koffie, asseblief."

Toe Ras en die res 'n myl verder tussen die klipkoppe inry, hou Ras stil, kyk na die jagters en sê: "Kyk om seker te maak dat ons nie die luiperd of luiperds misloop nie, stel ek voor dat ons in groepies opdeel en elke groepie 'n kop kies om te fynkam. Abel en Basie," gelas hy twee van sy volgelinge, "ry saam met Gysbert en Karel. Oswald kan saam met my en Chris ry en neef Niek en Sagrys Maller en Ockert Ockerse saam. Eben," gelas hy die orige lid van sy geselskap, "jy kan die agterhoede vorm en skiet wat deur breek."

Ras wys na die naaste kop en sê: "Oswald, ons kies hom. Julle ander kies die koppe na regs. Pas op dat julle nie dalk mekaar raakskiet nie," maan hy agterna en trek sy swart hings op 'n galop met sy maar Chris Venter en Oswald Roux agter hom. Die res verdwyn in hul onderskeie groepies regs om die eerste kop.

Aan die voet van die kop, spring Ras van sy perd af en die ander twee volg sy voorbeeld. "Kyk Oswald beweeg jy en Chris nou regs om die kop. Ek sluip hier links om. Hou jul oë oop," en hy begin versigtig na links beweeg.

Chris Venter stap 'n tree links van Oswald en albei studeer die klippe bokant hulle noukeurig. Hulle kom by 'n paar rotsblokke en terwyl Chris sy hand in sy sak steek, fluister hy vir Oswald terwyl hy na bo wys en langs hom vassteek: "Daar's hy! Die tier! Daar ...,,

Oswald rek sy oë terwyl hy sy geweer vasvat. Hy het nie eens Chris se armswaai gesien met die dun sterk riempie wat hy uit sy broeksak gehaal het nie. Dis toe hy Chris se geweer op die grond hoor val, dat hy vinnig na hom kyk maar dit was te laat. Met die snelheid van 'n pikkende slang het die riempie om Oswald se keel gegly en terwyl Chris hom agteroor ruk, trek hy die riempie met al sy krag styf, oorkruis hier agter.

Binne enkele tellings is alles verby. Ongeërg steek hy weer die riempie in sy sak, tel sy en Osward se gewere op en draai net daar om. Ras sit om die draai op 'n rots.

"Kinderspeletjies," sê Chris. "Die swaap het seker nie eens geweet wat sy strot toegedruk het nie."

"Mooi. Sodra die ander opdaag, wag ons hier tot sononder dan ry jy en ek terug na die waens, terwyl die res hier op ons wag. Daardie waens is tot barstens toe gelaai, Chris. 'n Wonderlike oes! Jy moet die ouman bydam. Laat die dogter aan my oor," en Ras gryns breed.

"Gaan jy haar ook vankant maak?"